

# Redaksioneel

## Tyd- en geldverspilling in howe: Moontlike remedies

Regspraktisyns word van tyd tot tyd daarvan beskuldig dat hulle ten minste gedeeltelik daarvoor verantwoordelik is dat tyd in die howe nie na behore benut word nie of selfs verspil word en dat dit aanleiding gee tot vele nadele, onder meer onnodige of vermybare gedingkoste. Die regsberoep meen nie dat dié beskuldigings geregverdig is nie maar hy neem nietemin gereeld daarvan kennis en pas selfondersoek toe in 'n poging om dienslewering steeds te verbeter. Die regsberoep sal sekerlik voortgaan om dieselfde benadering in die toekoms te volg.

Ons wil aan die hand doen dat wetgewers - op alle vlakke - en uitvoerende gesagsorgane ook op gereelde grondslag introspeksie moet toepas, om te bepaal of hulle self nie tot sekere hoogtes vir onnodige tyd- en geldverkwisting in die howe verantwoordelik is nie. Ter illustrasie van wat ons in gedagte het, wil ons na 'n besondere onderwerp verwys.

Wanneer hofverslae, regshandboeke en -tydskrifte en ander -literatuur nagegaan word, sal gevind word dat heelwat ruimte gewy word aan besprekings oor die skuldvereiste by statutêre oortredings. Die aanvanklike vraag wat gewoonlik ontstaan is of 'n bepaalde wetsbepaling wat 'n oortreding skep (by gebrek aan 'n duidelike aanduiding in dier voege deur die wetgewer) *mens rea* (breedweg gestel, skuld - "blameworthiness") vir die oortreding vereis. Indien die antwoord op dié vraag bevestigend is, ontstaan die verdere - veel moeiliker - vraag of *dolus* (kortweg gestel, of die aangeklaagde die oortreding willens en wetens of opsetlik begaan het) deur die bepaling vereis word en of *culpa* (blote nalatigheid of onagsaamheid van die aangeklaagde) voldoende is om 'n oortreding daar te stel. Argumente rondom laasbedoelde vraag neem verstommende afmetings aan en hoewel die howe sulke vrae gewis effektief kan beantwoord (sien SA Regskommissie, *Mens Rea by Statutêre Misdrywe*, Projek 29) is dit beslis so dat oorweging van dié vrae baie van ons howe se tyd in beslag neem en aansienlike koste meebring. Ter toeligting hiervan wil ons verwys na gebeure wat gekulmineer het in die saak van *Attorney-General, Natal v Ndlovu* 1988(1) SA 905(A) - daar is heelwat ander soorgelyke voorbeelde.

Mnr. Ndlovu is in die landdroshof daarvan aangekla dat hy artikel 8(1)(d) van die Wet op Publikasies, 42 van 1974, oortree het deurdat hy in besit was van 'n verbode publikasie *Isandlwana*. Soos talle ander wette, swyg die betrokke Wet oor die skuldvereiste en die howe moes toe die wetgewer se bedoeling in die verband probeer naspur: met ander woorde word skuld in die vorm van *dolus* vereis of is *culpa* voldoende om 'n oortreding van die bepaling daar te stel? Die landdros se gevolgtrekking was dat *culpa* voldoende was (*dolus* kon nie bo redelike twyfel bewys word nie) en die aangeklaagde is dus skuldig bevind en gevonniss. Hy appelleer na die Natalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof. Twee advokate (een namens die veroordeelde en een namens die Staat) beredeneer die vraagstuk voor twee regters van vermeldde Afdeling en op 9 Augustus 1985 bevind die Hof (1986(1) SA 510(N)) dat die landdros gefouteer het, met ander woorde dat *culpa* nie voldoende was om 'n oortreding van die bepaling uit te maak nie en dat *dolus* vereis word. Die appèl slaag derhalwe en die skuldigbevinding en vonnis word tersyde gestel.

Die Prokureur-generaal was nie met die Natalse Hooggeregshof se uitspraak tevrede nie en gaan in hoër beroep na die Appèlafdeling (*Attorney-General, Natal v Ndlovu supra*).

'n Advokaat tree op namens die Prokureur-generaal en twee advokate, 'n senior en 'n junior, verskyn namens die respondent (die veroordeelde). Eersgenoemde verwys na 'n magdom gewysdes en ander bronne (sy betoogpunte beslaan sowat twee gedrukte bladsye in die hofverslae) terwyl laasgenoemdes nog meer gewysdes en bronne aanhaal (hulle betoogpunte vul ongeveer vier gedrukte bladsye).

Die Prokureur-generaal se appèl word verwerp. Die Appèlafdeling, by monde van vier appèlregters (een het afgewyk en tot die gevolgtrekking gekom dat die landdros reg was) bevind met ander woorde dat *dolus* wel in so 'n geval bewys moet word en dat *culpa* nie voldoende is nie. Die appellant (dws die Staat) word ook gelas om die respondent se koste, insluitende die koste van twee advokate, te betaal.

Langs hierdie duur, tydrawende en omslagtige weg

# Editorial

word daar toe vasgestel dat dit die wetgewer se bedoeling was - klaarblyklik strydig met wat die Staat gemeen het dit moes wees - dat iemand wat in besit van 'n verbode publikasie is slegs 'n misdryf pleeg indien hy (om dit kortweg te stel) geweet het dat die publikasie wel verbode is. En al die geredekawel in die howe, met gepaardgaande koste vir die Staat en die aangeklaagde, kon voorkom gewees het indien die wetgewer, deur die byvoeging van enkele woorde in die Wet, sy bedoeling self te kenne gegee het.

Dit is duidelik dat wetgewers behoort toe te sien dat die skuldvereiste behoorlik aandag geniet wanneer oortredings geskep word. Op grond van ervaring word egter vermoed dat minstens sekere wetgewers (hier word veral aan ondergeskikte wetgewers gedink) heelwaarskynlik nie aan hierdie verwagting sal voldoen nie. Daar word derhalwe voorgestel dat die Parlement 'n bepaling inbring wat alle wetgewers (die Parlement inklusief) sal verplig om telkens wanneer 'n oortreding geskep word aandag aan die skuldvereiste te gee. Die volgende kan oorweeg word:

Wysig die Interpretasiewet, 33 van 1957, om te bepaal dat tensy enige ander bedoeling blyk uit 'n wet wat 'n oortreding skep, skuld in een of ander vorm van *dolus* bewys moet word alvorens iemand daaraan skuldig bevind kan word. (Die wetsopstellers kan die presiese

bewoording self uitwerk.) Ons doen aan die hand dat so 'n bepaling wetgewers geen ander keuse sal laat nie as om telkens te oorweeg of *culpa* voldoende sal wees om 'n oortreding te behels en, indien wel, hulle dit uitdruklik of by implikasie sal moet aandui. En verder: indien skuldlose aanspreeklikheid beoog word, gepaste voorsiening ook daarvoor gemaak sal moet word. Sodoende sal groter regsekerheid bewerkstellig en argumente of litigasie rondom die skuldvereiste uitgeskakel word.

Om verskeie redes sal dit nie doenlik wees om so 'n reëling met terugwerkende krag in te voer nie. Wette wat voor bedoelde reëling op die wetboek geplaas is en wat bepalinge bevat wat aanleiding kan gee tot onsekerhede soortgelyk aan dié behandel in die *Ndlovu*-saak (*supra*) behoort egter op 'n *ad hoc*-basis aandag te ontvang ten einde sodanige onsekerhede uit te skakel. Met 'n bietjie verbeelding en ondernemingsgees behoort so 'n taak nie noemenswaardige probleme op te lewer nie.

Soos reeds aangedui, is die problematiek rondom die skuldvereiste aangehaal en behandel bloot ter toeligting van die wyer voorstel wat hierbo geopper is, naamlik dat ondersoek ingestel word na die vraag of wetgewers en owerheidsorgane nie in 'n mate self die blaam moet dra vir onnodige tyd- en geldverspilling in die howe nie. 'n Breë ondersoek na hierdie vraag behoort interessante resultate op te lewer. ■

## Legal representation in capital cases

It would be ideal if at least those accused who are in danger of receiving direct prison sentences on conviction were always to enjoy legal representation in the courts. A realistic evaluation of present circumstances, however, tends to indicate that such a situation is not attainable at present. But there can be no doubt that everything possible should be done to achieve and eventually to extend this ideal as rapidly as possible. However, because of the irrevocable nature of the sentence that may be imposed, capital crimes fall into a special category. To ensure *inter alia* that an innocent person is not executed, it is of fundamental importance

that a person charged with such a crime be properly represented by both an experienced advocate and an instructing attorney. In an article elsewhere in this issue the Chairman of the Pretoria Bar, Advocate de Villiers SC, proposes such a system, and thus the disappearance of the *pro Deo* system.

It would seem that the *pro Deo* system is kept in operation mainly because it is particularly cost-effective. Such an approach is clearly not justifiable, and the hope is expressed, therefore, that the proposal of Advocate de Villiers will be put into effect as soon as possible. ■